

NAMIBIA SENIOR SECONDARY CERTIFICATE

FIRST LANGUAGE AFRIKAANS ADVANCED

SUBSIDIARY LEVEL

8166/2

PAPER 2 Literature

2 hours

Marks 50

2022

Additional Material: Answer Book

INSTRUCTIONS AND INFORMATION FOR CANDIDATES

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Centre Number, Candidate Number and Name in the spaces on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.

- Answer **two** questions, each from a **different section**.
- Set texts **are not** allowed in the examination room.

- Pay special attention to spelling, punctuation and sentence structure.
- Dictionaries are **not** allowed.
- The number of marks is given in brackets [] at the end of each question or part question.

INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR KANDIDATE

- Beantwoord die vrae in die Antwoordboek.
- Skryf jou Sentrumnommer, Kandidaatnommer en Naam in die spasies op die Antwoordboek.
- Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
- Moenie vloeibare uitwisser gebruik nie.

- Beantwoord **twee** vrae, elkeen uit 'n **ander afdeling**.
- Voorgeskrewe tekste word **nie** in die eksamenlokaal toegelaat nie.

- Gee spesiale aandag aan spelling, leestekens en sinsformulering.
- Woordeboeke word **nie** toegelaat **nie**.
- Die aantal punte word tussen hakies [] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

This document consists of **11** printed pages and **1** blank page.



Republic of Namibia

MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE

AFDELING A: POËSIE**Vraag 1: Gedigte**

Kies **een** van die volgende vrae.

- A.** Kies **twee** digters uit die voorgeskrewe lys gedigte. Bespreek maniere waarop die digters die tema van die stad in hulle gedigte uitbeeld.

[25]

OF

- B.** Lewer indringend kommentaar op die manier waarop die digter die tema van liefde in die onderstaande gedig uitbeeld.

[25]

Allerliefste, ek stuur vir jou 'n rooiborsduif
want niemand sal 'n boodskap wat rooi is skiet nie.
Ek gooi my rooiborsduif hoog in die lug en ek
weet al die jagters sal dink dis die son.
Kyk, my duif kom op en my duif gaan onder
en waar hy vlieg daar skitter oseane
en bome word groen
en hy kleur my boodskap so bruin oor jou vel

Want my liefde reis met jou mee,
my liefde moet soos 'n engel by jou bly,
soos vlerke, wit soos 'n engel.
Jy moet van my liefde bly weet
soos van vlerke waarmee jy nie kan vlieg nie

(Breyten Breytenbach)

AFDELING B: PROSA

Vraag 2: Kortverhale

Kies **een** van die volgende.

- A. Bespreek hoe die **twee** skrywers van *Die vader* (Björnsterne Björnson) en *Omba muungu* (Henk Rall) die karakterontwikkeling van die hoofkarakters uitbeeld.

[25]

OF

- B. Lewer indringend kommentaar op die uittreksel uit *Bos* (Chris Barnard). Bespreek hoe die skrywer spanning en afwagting skep.

[25]

Ek herken sy neus en hoë voorkop. Hy kom nader in die skemer, baie stadig. En ek wag. Ek weet: as hy langs my kom, sal die Beretta onder die vlag verskyn en hy sal die loop oplig en daar sal 'n blou vlam uit die skemer spring. Hy staan naby my, meer as 'n kwartier; en die trein kom en ek klim in sonder dat hy hom aan my steur.

Voor die poskantoor in Mbabane, tussen die dooie vis-oë op die mark in Beira, skielik op 'n middag 'n ent agter my tussen die silwerbome teen Seinheuwel, op die gaasdek daardie nag op die Victoriameer onderweg na Muhutwe, in Swakopmund, Coquilhatville, selfs in Ibadan die laaste somer voor ek hierheen gekom het.

En sedert ek hier is, verwag ek hom.

Ek staan tussen die piesangbome en kyk hoe twee bantams in die stowwerige agterwerf onder 'n verskrompelde suurlemoenboompie skrop. Die middagson bewe teen die wit kombuismuur en die bougainvillea is 'n koorsige pers dans teen die staalgrys lug. En hy staan ineens in die voetpad wat van die rivier af opkom, die sweet silwerig in sy wenkbroue.

Dis anders as wat ek verwag het dit sou wees. Al die jare het my laat berus by die gedagte aan sy uiteindelijke koms. Ek het gedink ek sal doodstil bly staan as ek hom sien; ek sal nie roer nie, ek sal nie wil vlug nie.

Maar die vrees is eensklaps in my en so verskriklik soos die son. Hy staan daar, moeg en verwaarloos, baie ouer as wat ek verwag het.

Sy hand beweeg na sy sak toe en ek weet hy wil sy Beretta uithaal, maar my hand lig na my gesig toe en ek wil sê: "Wag, Kirst – wag eers!" Tog: ek sê niks. My keel is kurkdroog en ek kry geen geluid uit nie; niks. Dis hy wat eerste praat; dis Kirst wat sê: "Dis jy ..."

Jy weet seker teen die tyd al self: 'n mens se geheue, as hy ouer word, verloor sy skerpte. Jy het dit tog al ondervind? En nogtans huiwer ek om uit te vra – jy mag dalk dink dis 'n set om my onskuld te probeer bewys. Soos 'n naïewe kind wat 'n kat vermoor en dan met engel-oë fluit-fluit sy ma tegemoet stap as sy kom straf uitdeel.

Nee, Kirst. Ek sal niks vra nie. Ek sal miskien selfs nie eens my vrees probeer verberg nie. Ek moet net na jou kyk. En wag.

Tog: dit sou eintlik makliker gewees het, sou dit nie? As ek net weer kon onthou?

Vreemd, en miskien selfs 'n bietjie komieklik, dat 'n mens om die een of ander rede begin vlug, en verplig word om aan te hou vlug, sy hele lewe instel op dié vlug, uiteindelik geheel en al toewy aan die vlug – só toewy daaraan dat hy op die duur vergeet wat die oorsaak was van alles.

Vraag 3: Roman: *Die uurwerk kantel* – Marié Heese

Kies **een** van die volgende.

A. Bespreek die wyse waarop Marié Heese die verloop van tyd in die roman uitbeeld.

[25]

OF

B. Bespreek hoe en met watter effek verlies in die onderstaande uittreksel uitgebeeld word.

[25]

Willem, wat by hom is, klim verder na Maria toe. „Ek sê uit!” herhaal sy. „Daardie man was nie hier toe ons hom nodig gehad het nie. Nou kan jy hom maar weer huis toe neem. Ons het nie meer sy dienste nodig nie.”

Willem wieg effens waar hy staan. „Is sy . . .?” vra hy, en sluk. „Willem,” sê Trui, „Ag, Here, Willem, sy is dood.”

Maria hardloop by die trap af tot waar Trui vlak voor die dokter staan. Sy lig haar hande asof sy Trui deur die gesig wil klap.

„Ek sê jou sy SLAAP! Kan julle dit verstaan! Sy slaap! Daarom het ons nie die dokter nodig nie! Ons moet haar nie steur nie. Sy het die slaap nodig. Maar sy sal later wakker word, julle sal sien. Ek gaan vir haar ’n eier kook, net drie minute. Dit sal haar nie skade doen nie. Maar eers sal ek by haar sit. Net tot sy wakker word.”

Sy begin agteruit by die trap opklim, asof sy bang is om haar rug na hulle te draai.

„Julle hoef my nie te help nie. Ek kan alles doen wat sy nodig het.”

Daardie dag en die nag en die volgende dag waak sy by haar kind. In die groot leunstoel raak sy dikwels aan die slaap, maar as iemand probeer binnekom, vlieg sy onmiddellik op en jaag hulle daar uit. „Loop!” sê sy dan. „Ek kan alles doen wat sy nodig het.”

Trui bring vir haar kos op ’n skinkbord, waarvoor sy hartlik bedank word. Maria eet smaaklik. „Ek gaan vir haar ’n eier kook,” herhaal sy elke keer. „Sodra sy wakker word.”

Teen die aand van die tweede dag hoor sy ’n vreemde voetstap in die gang.

wie kan dit tog wees gelukkig het ek my hare netjies gekam

Sy sit die borduurwerk waaraan sy fyntjies begin werk het, opsy. In die deur staan dominees Van Heerden. Sy ruie bruin baard is nou vol silwer strepe; sy hare amper heeltmal wit. Maria staan op.

selfs hierdie ou vriend van Schoongelegen stuur ek weg as hy ook vir my ’n klomp leuens wil kom vertel sy is nie dood nie sy slaap net rustig dis al hoekom laat hulle ons nie met rus nie ek is so moeg so moeg maar ek sal hier bly by Annette so lank sy my nodig het en niemand sal my hier wegsleep nie

Hy staan stil in die deur. „Mag ek na haar kom kyk?” vra hy. Die eenvoudige versoek kan Maria nie weier nie. Woordeloos stap sy saam met hom tot langs die bed.

sien jy hoe rustig slaap sy nou sal sy beter word

„So pragtig,” sê hy sag. „Die fyn neusie, net soos joune. Net soos jou Mammie s'n was.” Hy vee saggies met die agterkant van sy hand oor die kind se wang. „En so stil.” As 'n mens dit een keer in jou lewe gesien het, vergeet jy dit nie: hoe oneindig, onéindig veel stiller is die dood dan slaap.”

Vraag 4: Roman: *Wildvreemd* – Carina Stander

Kies **een** van die volgende.

- A.** Bespreek hoe die skrywer spanning in die roman skep deur haar aanbieding van tyd.

[25]

OF

- B.** Bespreek hoe en met watter effek die natuurtema in die onderstaande uittreksel uitgebeeld word.

[25]

Ek spoeg soos 'n kobra: Wat wéét jy van skoon of vuil? Ek het 'n grysdruiker sien lam, slagyster aan die poot, wurms in die warm wond, maar sy het aangehou veg soos een wat weet dat sy 'n bedreigde spesie is. Sý was skoon. Sý was skoonheid.

Die spoegstreep skiet vinnig en sekuur deur die lug, tref haar in die oë. Dierlik. En ek vlug voor die woorde wat soos wildehonde uit die gate van hulle monde spring.

Jare gelede, toe die bobbejaan die dag in die maag geskiet is, toe hy sketterend sy ingewande uitryg en die pyn probeer toestop met gras, het ek ook so gevlug. Agter my aan het die man geskree: “Ek stuur hom terug trop toe met 'n boodskap! Sal die laaste blierrie waatlemoen wees wat een van dié klein satanskinners by my steel.”

Die nuus moet soos 'n veldbrand versprei het, want toe ek later daardie dag by die Ruig instap, het Braam my reeds ingewag. Ek kon sien hy het die werk net so laat staan en dadelik gekom. Die ploeggrond en son nog aan sy hande. Sy oë vernou, soos iemand wat oor 'n geheim praat. “Jy moet versigtiger wees,” het hy gesê.

Stilte.

“Hulle gaan jou nog keelaf sny! Asseblief, ek is nie altyd naby om ...”

Ek soek nie jou hulp nie!

“Wat wil jy hê? Dat ek eendag jou lyk moet gaan uitken?”

Daaroor moes jy gedink het voordat jy besluit het om my vriend te wees.

Hy het verstyf, toe met 'n ampse glimlag sy kop geskud en gesê: “Mapstieks.”

Vandag wou ek van die bobbejaanmanneling vertel, van elke kruisboog en knaldemper, elke dier wat voor die geweer moes buig. Ek wou oorlog verklaar tussen taal en stilte. 'n Oorlog wat sê: As julle doodmaak, sal ek wraak neem deur te lewe. Maar toe ek my weer kom kry, doen ek wat ek my lewe lank doen: vlug. Deur die dorp en die veld agter die skool. Kruis en dwars oor die berg op die uitkyk na nuwe swerms, maar die onweer in die lug krap die bye om en ek klim weer ondertoe en stap rivierlangs. Van hier af sal ek die pad toe-oë kan vind; aan die gekraak van die bome of die geknars van sand onder my voete weet ek presies waar ek is. Twee kolganse swenk deur die riete en laat 'n rimpelspoor op die water – die mannetjie sis, die wyfie snater. 'n Jong bosbok skrik uit haar lêplek op – haar tong proe die lug. Die reënvoël skuif uit die takke. Doee-doe-doe-du-du-du.

Dringend.

AFDELING C: DRAMA

Vraag 5: Kanna hy kô hystoe – Adam Small

Kies **een** van die volgende:

- A.** Bespreek die tegnieke wat Adam Small gebruik om by te dra tot die dramatiese effek van die drama.

[25]

OF

- B.** Bespreek die belang van die onderstaande uittreksel en die dramatiese effek daarvan op die drama as geheel.

[25]

Toefie Makiet was unconscious gewies die hele tyd.

Skoen Sy't even nie gevra vir Kanna ...

Toefie [Kyk vir Skoen, dan hard.] Is nommer honnert en dertag nou. Is nog vyf nommers net.

[Kanna sit senuagtig.]

[Stilte.]

[Dodemars, sag.]

[Ysie en Jiena ongemaklik, stadig in van teenoorgestelde kant. Asof hulle by 'n venster uittuur, oplaas:]

Ysie [Haar stem tril.] Is Kanna!

Jiena [Sag.] Is Kanna!

[Kanna-hulle kom van die kar af. Toefie is 'n oomblik voor by die perde besig. Kanna staan en wag onseker. Dan kom hulle nader, eers Skoen, dan Kanna, dan Toefie. Kanna gaan staan.]

Skoen [Ongemaklik aan Ysie-hulle.] Is Kanna. Ons kom nou net van die plyn af ...

[Kanna glimlag in Ysie-hulle se rigting.]

Ysie, Jiena [Heeltemal van stryk.] Ja. Is Kanna. [Hulle kyk.]

['n Paar vroue van die buurt, in swart geklee, in. Maar hulle bly nuuskierig en ongemaklik opsy.]

Ysie, Jiena [In die rigting van die vroue.] Is Kanna van Makiet!

[Stilte.]

Stem [Makiet.] Ysie. Jiena. Is die hys mooi skoon? Toefie. Skoen.

Het julle vir Kanna gegaan haal?

[Stilte.]

- Ysie** [Ongemaklik.] Is darem goed Kanna het hystoe gekom.
Ons is darem bly Kanna is weer by die hys.
- Jiena** Hoe lank gaan Kanna bly, Kanna?
[’n Ongemaklike stilte.]
- Kanna** Ek ... Ek kry weer môre se vliegtuig huis toe; ek moet ... môre weer huis toe! ...
[Ysie-hulle kyk vraend na mekaar. Iemand maak keel skoon.]
- Jiena** O, Kanna gaan hystoe, alweer more ...
[Oplaas om die vreeslike stilte te verbreek:]
- Skoen** Wil Kanna die kis sien?
[Kanna kyk hom hulpeloos aan.]
- Ysie** Toefie. Skroewe die deksel los, laat Kanna kan sien vir Makiet ...
[Toefie na die middel waar die bokkies so-ewe gestaan het; hy begin om die halwe deksel van die kis bo los te skroef. Hy lig dit af, sit dit op die onderste gedeelte neer en gaan staan dan eenkant, stil, stom, eerbiedig.]
[Almal staar. Kanna staan oorbluf.]
- Jiena** Kanna kan maar gaan kyk ... vir Makiet ...
[Kanna kom na die kis, beteuterd. Hy sien die dooie. Hy huil.]
[Dan verskyn Makiet vir die laaste keer. Sy stoot haarself baie stadig in tot waar die bokkies sou staan vlak langs Kanna en skuins voor hom. Sy kyk na hom op. Haar gesig is vlak by syne; hy kyk in haar blinde oë; hy huil. Ook die gehoor kan haar gesig helder sien, en hoe sy glimlag.]
[Die ander gaan van die verhoog af, stadig, eerbiedig, verslae. Kanna en Makiet bly alleen agter, Kanna in die skaduwees. Die lig val net op haar.]
[Die lig krimp; dit val op Makiet, nou net op haar gesig.]
[Dodemars.]

Vraag 6: My plaas se naam is Vergenoeg – George Weideman

Kies **een** van die volgende.

- A.** Bespreek hoe die dramaturg se gebruik van humor bydra tot die dramatiese effek van die drama.

[25]

OF

- B.** Bespreek die belang van die onderstaande uittreksel en die dramatiese effek daarvan op die drama as geheel.

[25]

BOBBEJAAN: Daar was 'n brand ...

JAKKALS: Dour op die agterpunt van die plaas.

AASVOËL: Waar hy oorgaan in die park in.

YSTERVARK (*hyg*): Ek het dit amper nie gemaak nie!

SKERPIOEN: Antie leter en ek was gelukkig tussen die klippe.

IETERMAGÔ: Maar dit was verskriklik. Jy kon die vlamme voel.

MUISSHOND (*hou sy stert uit*): Ruik! My stert se punt het geskroei.

ALTYDANDERS ruik vieserig.

ALTYDANDERS: Jou stert ruik op sy beste nie lekker nie.

JAKKALS: Dis nie 'n grap nie! Die helfte van die plaas het afgebrand.

ALTYDANDERS: Waar's Skilpad? En Steenbok?

JAKKALS: Skilpad was te stadig.

AASVOËL: Steenbok is vasgekeer.

ALTYDANDERS: Wat was dit? Weerlig?

BOBBEJAAN: Mensekind.

AASVOËL: Vurkbene.

YSTERVARK: Hulle sê dis daai muilkind se werk.

ALTYDANDERS: Wat se muilkind?

IETERMAGÔ: Jy weet mos, die een wat in die sandrivier gemaak is.

ALTYDANDERS: Grace se kind?

JAKKALS: Niemand kan dit bewys nie.

YSTERVARK (*snork*): Moet hy wees. Ek sal nie vergeet van die strik wat hy kleintyd vir my gestel het nie. Ek het amper aan die spit gebraai.

- JAKKALS:** Dit maak hom nog nie brandstigter nie.
- BOBBEJAAN:** Nietemin! Die blinkkuite was hier.
- ALTYDANDERS:** Die polisie?
- SKERPIOEN:** Hulle het elke klip omgekeer.
- MUISSHOND:** Niks gekry nie.
- IETERMAGÔ:** Dinge sal nooit weer dieselfde wees nie.
- BOBBEJAAN:** Die ergste het ons jou nog nie vertel nie.
- ALTYDANDERS:** Maar julle het. Van Skilpad en Steenbokkie ...
- BOBBEJAAN:** Net so erg. Die muilkind se pa het doodgebrand.
- ALTYDANDERS:** Wat? Ouboet Veldsman?
- JAKKALS:** Dis waar wat oom Joggem sê. Dis hoekom die blinkkuite hier was. Hulle't seker kwaadwilligheid vermoed. Maar hulle kon niks kry nie.
- ALTYDANDERS:** En die muilkind en sy ma?
- YSTERVARK:** Van die plaas af gejaag. Nou kan ek weer in vrede patats grou.
- IETERMAGÔ:** Yster, jy's nie veronderstel om patats te grou nie. Jy moet veldkos vreet.
- YSTERVARK:** Wat weet 'n ietermagô van veldkos? Miermoordenaar!
- 'n Amperse gestoei volg. Skubbe en penne klap.*
- ALTYDANDERS:** Toe nou, julle! En wat sê die muilkind se ma?
- YSTERVARK:** Sy't glo gesê sy kom terug. Ek weet nie of dit waar is nie, maar ek het dit by Groukat gehoor. Groukat kuier mos partykeers by die werfkatte.
- JAKKALS:** Dit is so. Haar voormense lê hier.
- AASVOËL:** Ek weet presies waar die grafte is.
- BOBBEJAAN:** Aasvoël weet altyd presies waar die dooies lê.
- AASVOËL pik na BOBBEJAAN se kant toe, dreig met sy vlerke.*
- ALTYDANDERS:** Kry end! Julle gedra julle nes die vurbene!
- Lig verdof op BV.

BLANK PAGE

The DNEA acknowledges the usage and reproduction of third party copyright material in the NSSC Assessment, **with and without** permission from the copyright holder. The Namibian Government Copyright Act allows copyright material to be used limitedly and fairly for educational and non-commercial purposes.

The Directorate of National Assessment and Examinations operates under the auspices of the Ministry of Education, Arts and Culture in Namibia.